Hierdie vrou was ‘n prostituut gewees, sy het Israel se spioene weggesteek toe die soldate hulle kom soek het, en hulle met ‘n rooi tou oor die muur gehelp na veiligheid toe.

God het hierdie afgedwaalde profeet se donkie gebruik, deur hom te laat praat om hom tot sy sinne te bring toe hy ‘n vloek oor God se volk wou uitspreek.

God het vir hierdie profeet opdrag gegee om met ‘n prostituut te trou, sodat hy kon voel hoe God voel oor die volk Israel wat so ontrou aan Hom was.

Hierdie profeet moes vir amper ‘n jaar op sy een sy lê, om die volk se sondes op hom te neem. God het hom ook ‘n boekrol laat eet, sodat God se woorde in sy mond sou wees.

Hierdie man was die 3de Koning van Israel gewees. Toe God het vra wat Hy wil hê, het hy vir wysheid gevra. Hierdie Koning het ook vreeslik baie vrouens gehad.

Hierdie vrou was BAIE lief vir haar skoonma gewees. Na haar man se dood het sy gekies om saam met haar skoonma na ‘n vreemde land te gaan, eerder as om na haar eie mense toe terug te gaan.

Hierdie man was baie lief vir God gewees. Die satan het vir God gesê dat hy God net liefhet omdat God so goed vir hom is, maar as God aan sy familie, rykdom, gesondheid en eiendom raak, hy God sal vloek. God het die satan toestemming gegee om alles van hom te vat, behalwe sy lewe.

Hierdie profeet het gesê dat hy vir God sal werk, en God se engel het sy mond met ‘n vuurkool aangeraak om sy mond rein te maak

Hierdie man was Israel se 2de Koning gewees. Hy het baie verkeerde dinge gedoen, maar elke keer vir God vergifnis gevra.  Die Bybel noem hom “’n Man na God se hart”.

Hierdie Koningin het haar skoonheid en invloed gebruik het om te keer dat God se volk doodgemaak word.